Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

SUB JUDICE-REËL

FEITEBLAD 11

HERSIENING 1, 12 JULIE 2016

Die staande reëls maak daarvoor voorsiening dat "geen Lid na enige saak mag verwys waaroor 'n beslissing van 'n geregshof hangende is nie". Dit is 'n beperking wat die Provinsiale Parlement self op sy Lede plaas ter wille van die gergtelike proses en in die belang van geregtigheid om nie óf in 'n debat óf deur middel van mosies en vrae na sake te verwys wat voor die howe dien nie. Sodoende word 'n aangeklaagde in enige regsaksie teen enige vooroordeel voortspruitend uit 'n openbare bespreking van 'n saak beskerm.

Die *sub judice*-reël bewaar en handhaaf die wedersydse agting wat die regbank en die wetgewer vir mekaar het.

Die skeiding van magte word by artikel 165 van die nasionale Grondwet benadruk waar onder andere soos volg bepaal word dat"geen persoon of staatsorgaan op die funksionering van howe inbreuk mag maak nie" en "staatsorgane die howe deur middel van wetgewende en ander maatreëls moet bystaan en beskerm ten einde die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid, toeganklikheid en doeltreffendheid van die howe te verseker".

Die *sub judice*-reël is nie van toepassing op sake wat voor kommissies of parlementêre komitees dien nie, maar Lede moet hulle egter daarvan weerhou om oor die verrigtinge, bewyse en bevindings kommentaar te lewer totdat 'n finale verslag voorgelê word.

Die toepassing van die *sub judice*-reël berus uiteindelik by die diskresie van die Voorsittende Beampte.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600